

Biotegnologiese navorsing in SA kry finansiële hupstoot

"Die Suid-Afrikaanse regering het sy vasberadenheid duidelik te kenne gegee om Suid-Afrika op koers te hou ten opsigte van biotegnologiese navorsing en ontwikkeling deur R300 miljoen oor 'n tydperk van twee jaar vir sy grootste enkele navorsingondersteuning in biotegnologie tot dusver toe te ken", het prof Eugene Cloete van die



Universiteit van Pretoria onlangs op 'n AfricaBio perskonferensie in Johannesburg gesê.

Dié geld is bestem vir drie Biotegnologiese Streekinnoveringsentrums (BRIC's) in Gauteng, die Wes-Kaap en KwaZulu-Natal. "Die Gautengse sentrum sal as BioPAD (Biotechnology Partnerships and Development) bekend staan en sal onder beskerming van die Departement van Wetenskap en Tegnologie funksioneer", het prof Cloete gesê. Hy sal as tussentydse hoofuitvoerende beampte van BioPAD op-

tree en nog in sy rol as voorsitter van die Universiteit van Pretoria se Skool vir Biologiese Wetenskappe voortgaan tot tyd en wyl 'n geskikte voltydse kandidaat in die pos aangestel is.

Tydens dieselfde konferensie het mnr Walter Loubser, hoofbestuurder van SANSOR (Suid-Afrikaanse Nasionale Saadorganisasie) gesê dat die sogenaamde "groen rewolusie" (die verkryging

van voordele deur die gebruik van gekweekte variëteite, bastersaad, kunsmis, swamdoders en plaagdoders in gewasproduksie in Suid-Afrika), tussen 1955 en 1980 dramatiese toenames in oesopbrengste teweeggebring het.

Sulke dramatiese stygings kan egter nie onbepaald volgehou word nie aangesien die toppunt van die potensiaal van dié tegnologie om oesopbrengste te verhoog, bereik is. "Met die verwagting dat die wêreldbevolking érens tussen 2030 en 2050 gaan verdubbel, met die gepaardgaande toename in die vraag na kos, kan moderne biotegnologie 'n kragtige stuk gereedskap in die mens se

hande wees om tradisionele metodes van gewasverbetering aan te vul. Die toekoms vir genetiese modifisering deur biotegnologie is selfs meer opwindend as die huidige toneel en hou groot belofte vir die volgende geslag boere in," het mnr Loubser gesê.

Geskiedenis is gemaak toe GM-geregte by 'n middagete na die perskonferensie bedien is - die eerste Suid-Afrikaanse wit GM-mielies as 'n groenmielievoorgereg, topgehalte T-beenskywe van beeste wat op geel GM-mielieprodukte afgerond is, en GM-soja in die vorm van 'n Meksikaanse plaatkoekie.